BEUKES TOERE

Program: Kaapse Draai

11 - 15 Maart 2024

Dag 1: Vertrek vanaf **George, Groot Brakrivier** en **Mosselbaai**. Ons reis na **Franschhoek** en besoek die **Hugenote Monument**. Ons spandeer ook tyd in diè oulike toeristedorpie en reis dan verder na **Kaapstad** waar ons *DRIE NAGTE* tuisgaan.

Dag 2: Vanoggend stap ons 'n draai deur die pragtige **Kirstenbosch Botaniese Tuine**. Vanmiddag spandeer ons tyd by die **V&A Waterfront** en geniet 'n vroeë aandete voor ons vertrek na die **Kunstekaap**. Hièr geniet ons die gewilde musiekblyspel **Mamma Mia** – 'n opvoering met die popgroep ABBA, se gewildste liedjies.

Dag 3: Vandag volg ons die mooi roete deur **Clifton**, **Kampsbaai** en **Llandudno** tot by **Houtbaai** waar ons die hawe verken. Ons ry oor **Chapmans Peak** na **Simonstad,** geniet middagete en besoek later **Boulders** -hier kan ons **pikkewyne** van naby besigtig. Later ry ons deur **Vishoek** en **Muizenberg** terug na Kaapstad toe.

Dag 4: Vroegoggend gaan ons **Tafelberg** uit en later volg ons die pragtige roete kuslangs deur dorpe soos **Gordonsbaai**, **Bettiesbaai** en **Kleinmond** tot by **Hermanus,** waar ons vanaand tuisgaan in hierdie pragtige kusdorp.

Dag 5: Na ontbyt, kies ons koers huis-toe.

Oplaaipunte en -tye word 'n week voor die toer bevestig

Ingesluit:
Ontbyt en aandete by oornagpunte, alle toegangsgelde, ervare gids, puik akkommodasie, fooitjies en luukse vervoer vir maksimum 16 mense

Uitgesluit:
Middagetes en drankies.

Prys:
R10 250 pp wat deel. R2 600 Enkel bybetaling.

Kontak: Cronnie Beukes 078 894 0897 admin@beukes-toere.co.za